Pellissier Huis

24 Augustus 2025

**Die vrug van "duur" omgee**

**Sing saam:**

Doen saam lofprysing of luister saam na 'n lied.

**Lees en gesels saam:**

1. Wat beteken dit vir jou om "duur" om te gee? Kan jy 'n voorbeeld deel van 'n tyd waar jy gegee het, selfs al was dit moeilik of ongemaklik?
2. Wat leer ons uit die voorbeeld van die Macedoniese gemeentes in 2 Korintiërs 8:1–4 oor omgee in tye van beproewing? Hoe verskil dit van die manier waarop ons soms gee wanneer dit ons niks kos nie?
3. Paulus sê in vers 5 dat die Macedoniërs hulleself eerste aan die Here gegee het. Hoe beïnvloed jou verhouding met God die manier waarop jy vir ander omgee? Is daar 'n verband tussen geestelike oorgawe en praktiese omgee?

4. Hoe kan ons Christus se voorbeeld in vers 9 navolg in ons daaglikse lewe - om rykdom prys te gee ter wille van ander? Wat is die “rykdom” wat jy het wat jy dalk kan deel?

5. Wat keer ons soms om op hierdie manier te gee — en hoe kan ons mekaar help om dit te oorkom? Dink aan vrees, gemak of selfs onkunde. Hoe kan ’n groep mekaar hierin versterk? Gee geleentheid as iemand ’n persoonlike getuienis wil deel van ’n oomblik toe hulle Jesus bo gemak of gewildheid gekies het.



**Bid saam:**

Vra of daar spesifieke sake vir gebed is. Die groep kan self besluit hoe julle dit wil inrig. Gebruik hierdie tyd om saam te bid.



**Doen saam:**

Waar gaan julle as groep die evangelie hierdie week leef?